

17 Januarie

Skrifgedeelte: Nahum 1 (NAV)

Fokusgedeelte: Nahum 1:2-8

God wreek die onreg en is 'n toevlug in die nood

Israel moes vir meer as 200 jaar in die skaduwee van Assirië leef. Die Noordryk was reeds 'n Assiriese provinsie, terwyl Juda net in naam onafhanklik was. In Jerusalem was hulle nie meer toegelaat om die feeste te vier nie (1:15). Om van Assirië verlos te wees, was menige Israeliet se wens. Maar Assirië was sterker as nooit, veral toe hulle Egipte se hoofstad ingeneem het. Uit 'n patriotiese oogpunt verstaan ons die vreugde oor die ondergang van Nineve: "...almal wat die tyding oor jou verneem, klap hande daarvoor..." (3:19). Maar is dit Christelik? Is dit Nahum wat hier praat of die Gees deur Nahum?

Die vraag word beantwoord in die eerste deel van die lied (1:2–3a). God is self die Wreker. Niemand staan teen God op en kom daarmee weg nie. God is die enigste Here (Deut 6:4). Hy duld geen mededingers nie – nie afgode nie en ook nie 'n magsbeluste keiserryk nie.

God se wraak is nie 'n emosionele reaksie nie, maar 'n begeerte om sy heerskappy oor die skepping te bevestig (1:3b–6). As Hy die see kan laat opdroog en berge kan laat bewe, wie kan dan voor sy woede bestaan? Daarom moet die wat teen God in opstand is, sy lankmoedigheid benut om tot inkeer te kom.

Vir die wat by God skuiling soek is Hy 'n toevlug (1:7,8). Daarom is God se wraak oor Nineve nie bloot in Israel se belang nie; intendeel God bewys deur sy wraak trou aan sy volk, soveel te meer omdat Hy getrou is aan sy beloftes aan sy volk.

Hoe moet die Christen dan die wêreldgeskiedenis sien? Wanneer Jesus in sy koninkryk kom, vind sy kinders Hom as 'n skuilplek, die Bron wat vir hulle sorg. Maar diegene wat sy volk (sy kerk) verdruk en vervolg se werke word tot niet gemaak omdat hulle God in sy gloeiende toorn ontmoet.

Sing: Psalm 18:12,13

Ds CA Jansen (Welkom-Noord)